# Vreugde in verdrukking

Vir my persoonlike geestelike lewe is een van die mees uitdagende en lewensveranderende Skrifgedeeltes seker Paulus se woorde van bemoediging aan die Hebreeuse Christene wat baie vervolging verduur het. Beskou die grootte van die uitdaging wat hierdie paar woorde voorhou:

> *Heb 10:34 "Want julle het ook saam met my gevoel in my boeie, en julle het die* ***berowing van julle goed met blydskap aanvaar****, omdat julle geweet het dat julle in julself 'n beter en blywende besitting in die hemele het."*

Ek begryp die implikasie hiervan aangesien ek en my vrou deur dieselfde ding gegaan het deurdat ons ons plaas en eiendom in Zimbabwe verloor het en oornag met slegs 'n tas klere elk na Suid-Afrika moes vlug. Volgens my verwys hierdie Skrifgedeelte egter na iets baie dieper – dinge waarmee mense daagliks worstel maar selde weet hoe om te hanteer.

Beskou die woorde *"berowing van julle goed"*. Ons verstaan onmiddellik dat hierdie iets is wat erg onregverdig is. Wie gee enige staatsagentskap die reg om 'n ander se eiendom te neem? As hierdie *"berowing van julle goed"* egter in wese daaroor gaan dat mens onregverdig behandel word, kan dit dan op 'n lang lys dinge van toepassing wees wat die meeste mense daagliks in die gesig staar. Wat van siekte of die regering se manipulerende beheer oor wat landsburgers mag of nie mag doen nie? Ek en Mandy het ons kinders en kleinkinders vir meer as twee jaar

nie gesien nie. Ons het hulle ontsettend lief en verlang verskriklik baie na hulle. Die besluit om nie na Nieu-Seeland te gaan om vir hulle te gaan kuier nie, berus egter nie by ons nie. Dit lê in die regeringsowerhede se hande.

Ek en Mandy is tans siek met Covid-19. Siekte of watter situasie ‘n mens ookal mee gekonfronteer word, mag dalk moeilik wees om te hanteer. Tog skryf Paulus te midde van al hierdie dinge, *“... julle het die berowing van julle goed **met blydskap aanvaar** ...”*

Wanneer mens siek voel of met ‘n gebroke huwelik of finansiële moeilikheid worstel, of na jou kinders verlang, of op valse, bedrieglike aanklagte in die tronk gegooi is soos wat ek was, kom die uitdaging in dieselfde mate na elkeen van ons – *“met **blydskap** aanvaar”.*

Die Apostel Petrus voeg nog meer by hierdie verbysterende waarheid:

> *1Pet 4:12“Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie;*
>
> *4:13 “maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, **moet julle bly wees**, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid **met blydskap kan jubel**.*
>
> *4:14 “As julle beledig word oor die Naam van Christus, **is julle gelukkig**, omdat **die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus**.”*

Die sleutel wat daarin lê om ***blydskap in lyding*** te hê, is verwant aan 'n diep ***persoonlike geloof in Jesus***, 'n ***intieme verhouding met die Heilige Gees***, en 'n ***standvastige HOOP in die beloftes van die Skrif***. Dit lê dan ook in 'n basiese Christelike sakrament – die doop. Ek praat nie van 'n blote godsdienstige ritueel nie, soos in baie verskillende kerke gereeld gedoen word nie; maar eerder dit wat die doop in wese verteenwoordig – 'n ***afsterwe van 'n selfsugtige leefwyse*** en 'n opstanding na 'n lewe waar Jesus absoluut ons eerste liefde is.

Daar is nog baie wat oor hierdie onderwerp geskryf kan word. My boek, *Koester die woestyn*, hanteer hierdie onderwerp in veel meer besonderheid en dit kan op my webtuiste www.henryjackson.online bestel word. Met hierdie kort blog wil ek egter diegene bemoedig wat met die onregverdigheid worstel wat die lewe soms na 'n mens gooi.

Die meeste van Paulus se sendbriewe is vanuit die tronk geskryf en daardie sendbriewe maak byna die helfde van die Nuwe Testament op. 'n Groot gedeelte van die Psalms is geskryf vanuit 'n posisie van konflik met vyande. Die middel vers wat in seker die bekendste Psalm voorkom, lees,

> *Psa 23:4 "Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee …"*

En dan lees ons in die volgende vers die pragtige belofte,

> *"U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor."*
> *(Ek drink uit die piering uit want my beker loop oor)*

Die boek van Job is ‘n moeilike boek om te verstaan aangesien dit vanuit ‘n posisie van diepe lyding geskryf word. Tog maak Job die merkwaardige stelling van geloof,

> *Job 13:15 “Kyk, al wil Hy my ombring — ek hoop op Hom; ek sal tog my wandel voor sy aangesig bepleit.”*

Dan sê Job later:

> *Job 19:25 "MAAR ek, ek weet: my Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.*
>
> *19:26 "En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou.”*

Jeremia, die “weenende profeet”, het die boek van Klaagliedere geskryf. Dit bestaan uit vyf hoofstukke en is seker die hartseerste boek wat ‘n mens kan lees. Tog lees ons in die senter van die middelste hoofstuk hierdie merkwaardige stelling van geloof,

> *Kla 3:21 “Dit sal ek ter harte neem, daarom sal ek* ***hoop****:*
>
> *3:22 “dit is die goedertierenhede van YHWH dat ons nie omgekom het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie;*
>
> *3:23 “hulle is elke môre nuut; u trou is groot.*
>
> *3:24 “YHWH is my deel, sê my siel, daarom sal ek op Hom* ***hoop****.*

*3:25 "Goed is YHWH vir die wat op Hom hoop, vir die siel wat Hom soek."*

Ek skryf hierdie blog ook vanuit ‘n posisie van siekte, en die meeste van my boeke en artikels is geskryf nadat ons uit Zimbabwe gevlug het, en is uit plekke van uiterste swakheid geskryf. Ek het persoonlik gevind dat my grootste inspirasie om diep geestelike waarhede te skryf, uit my persoonlike tye van uiterste swakheid gekom het. So swak soos my liggaam mag wees, is my hart so vol blydskap en vrede in die Heilige Gees dat ek die heeltyd net sy heerlikheid wil sing en uitskree. Ek bring baie tyd voor die klavier deur waar ek Hom aanbid, want Hy is waardig om geloof te word. Hierdie ***blydskap*** spruit uit ‘n diepe ***intimiteit met die Heilige Gees*** en ***hoop in Hom***.

Ek wil jou graag bemoedig om jouself voor Hom te ootmoedig. Moenie jou eie gemak en bevrediging soek nie, maar doen eerder soos Jesus gedoen het, *"Nie my wil nie, maar u wil geskied."*

Ons is in ‘n eindtyd leefwyse uitdaging wat die diepste geestelike motiewe van ons harte bevraagteken. As daar ooit ‘n dringende tyd was waar ons onsself moet ootmoedig en Hom as ons eerste en enigste liefde soek, is dit sekerlik nou! Jesus waarsku die dissipels by Éfese:

*Open 2:4 "Maar Ek het teen jou* ***dat jy jou eerste liefde verlaat het****."*

Kom ons hou aan Hom vas met alles wat ons het.

Met baie liefde in Jesus en bemoediging vir julle almal,

*Henry Jackson*